Verwysing: 20170822-4131
12/17/9
Navrae: T Cloete

Inrigtingshulpbrononderssteuningsminuut: 0006/2017

Aan: Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Hoofde: Kurrikulumkoördinering en -advies, Vakadviseurs, GLOO-personeel en Prinsipale en Voorsitters van Beheerliggame by openbare skole

Onderwerp: Viering van Nasionale Boekweek 2017 en Internasionale Geletterdheidsdag binne die WKOD

1. Die Departement van Kuns en Kultuur (DKES), in samewerking met die Suid-Afrikaanse Boekontwikkelingsraad (SABOR), het verklaar dat Nasionale Boekweek (NBW) 2017 vanaf 04 tot 10 September 2017 gevier sal word. Vanjaar se tema is "**#BUY_A_BOOK**".

2. Die tema moedig lede van ons samelewing aan om "'n boek te koop en te skenk" om meer plaaslike en uiteenlopende boeke in plaaslike tale te bevorder.

3. Die veldtog sal vanaf 28 Augustus tot 17 September 2017 by **Exclusive Books**, **Bargain Books** en **Takealot.com** aangebied word. Hierdie boekhandelaars sal **gekeurde titels teen R20** aan die publiek verkoop.

4. Die Onderwysbiblioteek- en Inligtingsdienste (EDULIS) daag **alle Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) -werknemers** uit om ten minste een boek te koop en dit aan die skool van u keuse te skenk ten einde die skoolbiblioteek-/klaskamer-/leeshoekversameling uit te brei. EDULIS moedig alle inrigtings aan om 'n boks vir skenkings by 'n sentrale punt te plaas.

5. Vanjaar sal Internasionale Geletterdheidsdag (08 September) wêreldwyd gevier word en die tema is **"Literacy in a Digital World"**.

6. Hierdie tema is daarop gemik om die verskillende soorte geletterdheidsvaardighede te ondersoek wat mense nodig het om toenemende digitaal-bemiddelde samelewings te bestuur, en doeltreffende geletterdheidsbeleide en -programme te ondersoek wat die geleenthede wat die digitale wêreld bied, te kan benut.

7. Die WKOD moedig skole aan om aan besprekings en aktiwiteite deel te neem om:

- 'n beter begrip van die verskillende soorte geletterdheidsvaardighede te kry wat mense nodig het om in 'n digitale wêreld te beweeg, en wat dit vir geletterdheidsonderrig en -leer beteken;
- belowende praktyke ten opsigte van beleide, programme, monitering en evaluering te deel en te ontleed, asook befondsing wat geletterdheid in 'n digitale wêreld bevorder; en
- te ondersoek hoe digitale tegnologie die vordering in jeug en volwasse geletterdheid kan ondersteun.

8. Die volgende distriksbeamptes kan rakende skoolbiblioteekdienste gekontak word:

Faith Lawrence	Skoolbiblioteekadviseur, Onderwysdistrik Weskus	tel. nr. 021 860 1562
Janine Ontong	Skoolbiblioteekadviseur, Onderwysdistrik Kaapse Wynland	tel. nr. 023 348 4657
Carol van der Heever	Skoolbiblioteekadviseur, Onderwysdistrik Metro-Suid	tel. nr. 021 370 2084

9. Na aanleiding van versoeke van opvoeders om advies oor skoolbiblioteke, kan die volgende EDULIS-personeellid gekontak word:

Timothy Cloete	Koördineerder: Skoolbiblioteekdienste	tel. nr. 021 957 9626

GETEKEN: HA LEWIS
ADJUNK-DIREKTEUR-GENERAAL: ONDERWYSBEPLANNING
DATUM: 2017-08-24